**Dinsdag 6 Junie**
**Skrifgedeelte: Handelinge 2:14-40**
**Fokusgedeelte: Handelinge 2:37-38**
**God se beloftes vir die hele huisgesin**

Handelinge 2:14-36 gee vir ons die inhoud van die eerste sendingprediking. Hierdie prediking het aan die Jode gegaan. Dit is sendingprediking wat daarop gerig is dat God se belofte in Jesus vervul is en dat Hy die Messias is.

Die boodskap gaan uit van die vasstaande feit van die gebeurtenis van die uitstorting van die Heilige Gees en lei dan na Christus. Die prediking word vanuit die profesieë van die Ou Testament belig en geneem, en kom deur die sterwe en opstanding van Christus by dit wat hy uit Psalm 16 bewys as dit verwag kon word. Hy sluit af met die heerlikheid wat Christus nou het, soos dit ook blyk uit die uitstorting van die Heilige Gees en dit wat reeds in Psalm 110 geprofeteer is. By dit alles is die werk van die Heilige Gees en dit wat Christus gedoen het, die diepste rede om te roep tot bekering.

Die prediking van Petrus is 'n oproep tot die Jode. Hulle wat Jesus se prediking nie wou hoor nie, maar Hom gekruisig het. Hierdie is as't ware die laaste werk van God aan die verbondsvolk voordat dit sou eindig by die dood van Stefanus. Teen dié agtergrond werk die Heilige Gees in die harte van dié wat daar was en gehoor het, sodat hulle vra: *"Wat moet ons doen, broers?"*

Petrus hoef nie na te dink oor die antwoord wat hy in ons teksvers gee nie. 'n Dubbele vermaning met 'n dubbele belofte. *Bekeer julle*. 'n Duidelike opdrag tot verandering. Bekering as oproep tot almal, en doop as individuele oproep. Die belofte word ingesluit dat hulle dan die Heilige Gees sal ontvang en die belofte van die doop is bedoel vir hulle en hulle kinders in die eenheid van die huisgesin.

*Sing: Psalm 105-1:5*
*Ds. MP Fourie (MP) (emeritus)*